Wes-Kaap Onderwysdepartement
Redewan Larney
Hoofdirektoraat: Distrikte
Redewan.Larney@westerncape.gov.za | 021 467 2337

Lêerno.: 18/5/P
Verwysing: 20220203-9544

Omsendbrief: 0005/2022
Vervaldatum: 31 Desember 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole, en Voorsitters van Beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om skole te herinner aan die vaslegging van hulle handboeke wat aan die einde van die eerste skoolkwartaal uitgereik is en dié wat jaarliks gedurende die laaste skoolkwartaal herwin is, asook die noodsaaklikheid van akkurate rekordhouding.*

Onderwerp: Die vaslegging van die handboeke wat aan die einde van die eerste skoolkwartaal uitgereik is en dié wat gedurende die laaste skoolkwartaal van elke jaar herwin is, asook die noodsaaklikheid van akkurate rekordhouding en verslagdoening oor handboekbehoud en herwinning vir die 2021/22-boekjaar

1. Die prinsipaal en die leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)-komitee speel 'n belangrike rol in die implementering van die skool se LOOM-beleid en die algehele bestuur van handboeke, werkboeke, literatuurstudie en ander hulpbronne by die skool.

2. Om skole met rekordhouding te help, is die LOOM-funksionaliteit op SOBIS opgedateer om handboeke wat per leerder en graad uitgereik is, by te werk.

3. Skole sal jaarliks in kennis gestel word van die sperdatums wanneer hulle handboeke, wat uitgereik en herwin moet word, in die skoolbeplanningskalender van daardie spesifieke jaar moet aanbring.

3.1 Skole moet handboeke wat vir 2022 uitgereik is tussen **15 Februarie en 18 Maart 2022** op SOBIS bywerk.
3.2 Skole moet handboeke wat vir 2022 herwin is tussen **23 November en 14 Desember 2022** op SOBIS bywerk.

4. Om toegang tot die vasleggingskerm op SOBIS te verkry, gaan na:
   - die ***"Administration"*** -oortjie;
   - kies "***Textbook Retrievals***" in die aftreklys en voltooi dit; of
   - kies ***"Textbook Retrieved"*** in die aftreklys en voltooi dit.

5. **Dit is die prinsipaal se verantwoordelikheid om seker te maak dat die rekords wat op SOBIS bygewerk word akkuraat is en deur klaslyste geverifieer kan word wanneer distrikte of eksterne ouditeure LOOM-bestuur by skole monitor.**

6. Om prinsipale en beheerliggame verder te ondersteun, sal die Wes-Kaap Onderwysdepartement binnekort skole voorsien van 'n bygewerkte LOOM-raamwerk en standaard bedryfsprosedures oor LOOM-bestuur.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-02-10